Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| VRAAG 1 | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Dis honderd jaar na haar geboorte./Sy is die eerste vroulike Suid-Afrikaanse digter./Haar bydrae tot Afrikaanse letterkunde is enorm. | (1) |
| 1.2 | Eeu | (1) |
| 1.3 | Hulle is ervare./Hulle weet wat om te doen. | (1) |
| 1.4 | Dis ŉ toekenning vir literêre werke in Afrikaans. | (1) |
| 1.5 | Hulle het al op skool geleer en met Eybers se skryfwerk kennis gemaak. | (1) |
| 1.6 | As sy dan so hoog aangeskrewe is, hoekom herdruk hulle nie haar bundels nie./Mense lees of koop nie eintlik digbundels nie, daarom word dit nie herdruk nie. | (1) |
| 1.7 | Musikaliteit word tot by die woord gevoeg EN dit skep ŉ ekstra dimensie EN dis ook meer toeganklik vir mense. (Een punt per feit) | (3) |
| 1.8 | Hulle het die 100 gewildste Afrikaanse gedigte bestudeer. | (1) |
| 1.9 | Sy was die eerste vroulike gepubliseerde Afrikaanse digter. Sy het die Hertzogprys twee keer gewen. Sy het 11 digbundels gepubliseer. (Een punt per feit) | (3) |
| 1.10 | Dit maak ŉ mens emosioneel. | (1) |
| 1.11 | Ja. Sy beskou Eybers as "een van die moeders van die Afrikaanse digkuns". | (1) |
| 1.12 | Afrikaans is amptelik 90 jaar oud. | (1) |
| 1.13 | Dit wat van ŉ vrou verwag word EN hoe ŉ vrou behoort te dink en doen. | (2) |
| 1.14 | Sy het ŉ uiters suksesvolle loopbaan gehad en ŉ groot naam in eie reg geword. | (2) |
| 1.15 | ŉ Redenasie/Stryery/Wedywering | (1) |
| 1.16 | Aanhangers/Mense hou daarvan om iets te hoor wat hulle ken. | (1) |
| 1.17 | Geluk en hartseer | (2) |
| 1.18 | Die man wil sy vrou ondergeskik hou as die een wat huistake moet verrig, terwyl Eybers gekant is daarteen. Sy het ŉ suksesvolle loopbaan gehad. | (2) |
| 1.19 | Hy moet as huweliksberader van beter weet, maar hy skree op sy vrou en behandel haar as ŉ ondergeskikte. | (2) |
| 1.20 | Die huwelik hou nie altyd net plesier in nie./Dit gaan nie net goed in ŉ huwelik nie. | (1) |
| 1.21 | Ons kan nie hom vertrou nie, want kyk hoe gaan hy tekere. (Enige gepaste antwoord van die kandidaat is aanvaarbaar.) | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied./Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- **Punte word soos volg toegeken:**
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal

- **Verspreiding van punte vir taalpunte waar die kandidaat nie verbatim aangehaal hê**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- **Penaliseer soos volg:**
  - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer**.
  - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

| **Antwoord:**<br>Gesels met ŉ persoon wat opgewonde is. Verkies om in jouself, jou gemeenskap, jou land, die wêreld en jou God te glo. Sien die wonderwerke rondom jou en respekteer jouself en ander. Dit beteken dat jy fokus op dit wat belangrik is. Weet wat rondom jou aangaan, maar vermy die slegte. Sien die goeie in ŉ enige situasie en geniet die toekoms. Moenie jou laat intrek deur die negatiewe realiteite nie en gesels oor die positiewe met jouself. **(68 woorde)** |
|---|

2.1 Gesels met ŉ persoon wat opgewonde is.

2.2 Verkies om in jouself, jou gemeenskap, jou land, die wêreld en jou God te glo.

2.3 Sien die wonderwerke rondom jou.

2.4 Respekteer jouself en ander.

2.5 Dit beteken dat jy fokus op dit wat belangrik is.

2.6 Weet wat rondom jou aangaan, maar vermy die slegte.

2.7 Sien die goeie in enige situasie en geniet die toekoms.

2.8 Moenie jou laat intrek deur die negatiewe realiteite nie en gesels oor die positiewe met jouself. **(74 woorde)**
(Enige 7 feite)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Twee maal/keer | (1) |
| | | |
| 3.2 | Ons gevorderde deodorant is deur 5 000 Suid-Afrikaanse vroue gekies as Produk van die Jaar. | (1) |
| | | |
| 3.3 | Dis in swart druk./Die lettertipe verskil./Die letters is groter. | (1) |
| | | |
| 3.4 | Ek wil ook die produk gebruik./Dit is oorredend of manipulerend. Dit gee my vertroue in die produk./Dit skakel onsekerheid uit. | (1) |
| | | |
| 3.5 | Ontronding/oorronding | (1) |
| | | |
| 3.6 | op | (1) |
| | | |
| 3.7 | Dis oorredend of oortuigend./Dit dui die gehalte van Shield aan. | (1) |
| | | |
| 3.8 | Baie dames se menings in die advertensie bevestig dit./Die klomp beskrywende woorde in die advertensie. | (1) |
| | | |
| 3.9 | Goed | (1) |
| | | |
| 3.10 | Ja. Die klomp dames van verskillende plekke oortuig my./5 000 dames het dit gekies as produk van die jaar./Dis meer as 2 maal beter die basiese antiperspirant. (ŉ Sinvolle antwoord van die kandidaat is ook reg.)<br>Nee. Ek hou nie van Shield nie./Ek gebruik ŉ ander reukweerder./Ek is ŉ man en gebruik nie vroueprodukte nie./ (In die trant.) | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | gister/twee dae gelede/vanoggend/(in die trant) | (1) |
| | | |
| 4.2 | belediging/spot/humor/hiperbool | (1) |
| | | |
| 4.3 | Diftong/tweeklank | (1) |
| | | |
| 4.4 | Jeremy se ma vra of hy sy vuil klere vir haar op ŉ hoop gesit het. | (1) |
| | | |
| 4.5 | Attributiewe (spelling nie ŉ vereiste nie) | (1) |
| | | |
| 4.6 | Sarkasme | (1) |
| | | |
| 4.7 | Hy sal sy klere self moet optel en neem. | (1) |
| | | |
| 4.8 | Hy is besig om te droom./Hy leef is sy verbeelding./Hy is nie normaal nie./Hy is so lui dat hy fantaseer. | (1) |
| | | |
| 4.9 | Die klok of die tyd beweeg aanhoudend of staan nie stil nie./Hy word deur sy vrou onderbreek. | (1) |
| | | |
| 4.10 | Hulle is volwasse, maar kan nie die tyd lees nie of weet nie hoe laat dit is nie. | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | sielkundenavorser, Angela Duckworth, die verband | (1) |
| | | |
| 5.2 | Hulle weet of besef dat sukses gaan gepaard met opofferinge behaal. | (1) |
| | | |
| 5.3 | Bevordering | (1) |
| | | |
| 5.4 | Betreklike | (1) |
| | | |
| 5.5 | Moenie by dit bly waaroor jy nie passievol is nie. | (1) |
| | | |
| 5.6 | Sy/hy hou van duur skoene. | (1) |
| | | |
| 5.7 | Struikelblokke | (1) |
| | | |
| 5.8 | Gaan/Sal jy nadink oor hoe jy gewoonlik ŉ uitdaging benader? | (1) |
| | | |
| 5.9 | Kapenaar/Kaapstadter (spelling moet reg wees.) | (1) |
| | | |
| 5.10 | Bywoord | (1) |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou